1 Februarie 2012

KONSTRUKTIEWE GESPREK MET DIE NG KERK IN AFRIKA

Die Moderamen van die NG Kerk het kennis geneem van ongelukkigheid en misverstand in die geledere van die NGKA ten opsigte van die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluite oor kerkhereniging en die Belydenis van Belhar.

Die Dagbestuur van die Moderamen het ‘n ontmoeting met verteenwoordigers van die NGKA aangevra om die besluite van die Algemene Sinode persoonlik aan hulle deur te gee en te verduidelik. Die ontmoeting het op 31 Januarie 2012 in Potchefstroom plaasgevind. Dit was ‘n reguit, eerlike en baie konstruktiewe gesprek. Daar was wedersydse respek vir mekaar se besluite en ‘n diep gevoel van verbondenheid aan mekaar.

Die Dagbestuur van die Moderamen vertrou dat hierdie ontmoeting ‘n stap sal wees om die breër proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie te bevorder.

Vriendelike groete

Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris / General Secretary
Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church
Posbus 13528 ✉ PO Box 13528
Hatfield, 0028 Hatfield, South Africa, 0028
☎ +27 (12) 342 0092
🖷 +27 (12) 342 0380
📱 +27 82 895 5680
📠 kobusg@ngkerk.org.za
algemenesinode@ngkerk.org.za